

INTERNATIONAL 2007 2008 POLAR YEAR

Internasionale Pool Dag – Bokant Die Pole

4 Desember, 2008

Wie:

Enige iemand wat 'n belangstelling het in die planeet se Poolgebiede. Ditsluitin Studente, Onderwysers, Wetenskaplikes, Kunstenaars, Reisigers....

Wat:

Hierdie is 'n wêreldwye gemeenskapsgebeurtenis, en vorm deel van die Internasionale Pool Jaar (International Polar Year, IPY). Die fokus van Internasionale Pool Jaar is op wat 'Bokant Die Pole' aangaan.

Waarom:

Gedurende IPY is daar meer as tien duisend wetenskaplikes, ingenieurs en tegnisi van regoor die wêreld wat die Poolgebiede bestudeer. Pool Dae bied 'n ideale, interaktiewe geleentheid om betrokke te raak en meer te leer oor hierdie wonderlike areas.

Waar:

Skole, gemeenskappe en opvoedingsentrums reg oor die wêreld.

Wanneer:

Donderdag, 4 Desember, insluitende die hele week.

Hoe:

1. Doen die aktiwiteit op die keersy van die bladsy, of besoek die webwerf www.ipy.org vir meer idees.
2. Lanseer 'n Virtuele Weer Ballon op www.ipy.org, en dui jou posisie of area aan.
3. Loer gereeld in op die webwerf en kyk hoe die virtuele ballonne reg oor die wêreld opstyg.
4. Gesels met wetenskaplikes tydens die duur van die gebeurtenis.
5. Leer meer oor Pool wetenskap, word 'n Ambassadeur van die Pole, en neem deel aan al die IPY Pool Dae wat nog voelê.

Leer meer oor 'Bokant die Pole' of 'Above the Polar Regions' op die webwerf www.ipy.org



Internasionale Pool Dag – Bokant die Pole (bladsy 2)

Die weersomstandighede in Poolgebiede, waar ongelooflike koue temperature, storm sterk winde, en permanente donker in die winter voorkom, hou 'n gevaar in vir die moderne navorser en dien ook as 'n afskrikmiddel. As daar na die groter prentjie gekyk word, sien ons hoe die Poolgebiede 'n baie belangrike deel vorm in die afkoelingsprosesse van die Aarde se klimaatstelsels. Die Pole van beide halfronde beïnvloed die weer in plekke so ver soos die Trope. Die atmosfeer oor die ys- en sneeu bedekte oppervlakte van die Pole het baie unieke eienskappe, en die merkwaardige kettingreaksies wat in die sneeu en ys plaasvind beïnvloed die chemiese samestelling van lug en atmosfeer bo die Pole. Pragtige aurora vind plaas bo die Noordelike en Suidelike Pole, wat dien as 'n venster om die geomagnetiese prosesse in die buitenste atmosfeer op 'n planetêre skaal waar te neem.

Weer Waarneming Aktiwiteit:

Outomatiese meteorologiese stelsels en menslike waarnemers regoor die wêreld verskaf elke dag weerinligting aan 'n wêreldwye netwerk. Voorspellingsentrums gebruik dan die waarnemings om globale, omgewings- en plaaslike weer te voorspel. Die kwaliteit van die voorspellings is direk afhanklik van die akkurate weervoorspellings wat afkomstig is van die Poolgebiede.

Doen vandag 'n waarneming van die weersomstandighede waar jy bly:

1. Lug Temperatuur – Is dit warm, koud? Wat is die lesing in grade Celsius?
2. Neerslag – Is daar enige reën of sneeu?
3. Wind – Is die wind kalm of waai dit? Het jy die windspoed gemeet, of jou omgewing, soos bome en vlae, gebruik om die waarneming te maak?
4. Sigbaarheid – Hoe ver kan jy sien (in meter)?
5. Wolkbedekking – Sien jy oop lug, dele wolke en lug, of slegs wolke?

Aktiwiteite:

1. Lanseer jou virtuele weer ballon op www.ipy.org, en sluit al jou waarnemings daarby in.
2. Maak gebruik van die WMO (World Meteorological Organization) se wêreld weerkaart op <http://www.worldweather.org/>, asook die virtuele ballon kaart. Vergelyk jou omgewing se weer met die weer in die Arktiese gebied (Noordpool), met die weer op ander dele van die planeet, en ook met die weer wat deur ander klasse vanoor die wêreld gerapporteer is.

Bespreking:

1. Hoe reageer jy op jou plaaslike weer? Dra jy ander klere? Maak jy gebruik van 'n ander metode van vervoer? Verander jy die verhitting of verkoeling in jou huis?
2. Wat vertel die weerwaarnemings jou van die effekte wat die seisoene het? Sê dit iets van die plaaslike effekte? Kan jy iets aflei van die verskille tussen jou posisie en dié van die Pole?

Vir wêreldwye en Arktiese weer inligting, besoek gerus <http://www.worldweather.org/>.

Besoek ook www.ipy.org vir skakels met inligting oor die Antarktiese weer, en ook vir ander aktiwiteite oor auroras, satelliet waarnemings en sterrekunde.